# VERSLAG VAN DIALOOGSESSIE LADISMITH, VANWYKSDORP, CALITZDORP, BARRYDALE, SWELLENDAM

CENTRE FOR PUBLIC WITNESS

KONRAD ADENAUER STIFTUNG

**19 November 2024**

**Rooiberg Lodge**

## Teenwoordig:

- Danie Bester
- André Britz
- Japaulus Cloete
- Emilia Draai
- Anthony Ferreira
- Kim Ferreira
- Camaron van Wyk
- Daryl Hess
- Braam Hanekom
- Mariette Hanekom
- Patricia Josephs
- Wilma Karsten
- Liesbet Koornhof
- Nic Koornhof
- Ben Kotze
- Hennie Kotze
- Deon Kriek
- Moos le Roux
- Gina Matroos
- Patrick Matroos
- Hendrik Smal
- Herman Smit
- Lets Steenkamp
- Matty Strydom
- Maria Swartz
- Sharon Thompson
- Jan Tities
- Christo van der Rheede
- Brenton van Staden
- Esmerelda van Staden
- Jacques van Staden
- Deon van Tonder
- Amanda Young
- Theo Kleynhans
- Merlyn van der Rheede
- Albie Rossouw

Dorpe verteenwoordig: Calitzdorp, Ladismith, Barrydale, Swellendam en Vanwyksdorp

## Agtergrond:

In die aanloop tot die voorgestelde nasionale dialoog het die Sentrum vir Publieke Getuienis in samewerking met die Konrad-Adenauer-Stiftung besluit om drie streeksdialoë in November 2024 te reël.

Die derde van hierdie dialoë het op 19 November by die Rooiberg Lodge buite Vanwyksdorp plaasgevind. 36 persone het die gesprek bygewoon. Mnr. Christo van Rheede van die FW de Klerk Stigting en Prof. Theo Kleynhans van die Universiteit van Stellenbosch was ook daar.



## Algemene opmerkings

- Die vlak van deelname, betrokkenheid en energie wat die hele dag voortgeduur het was opvallend. Terwyl dit duidelik is dat ons steeds in verdeelde gemeenskappe leef en mense mekaar nie genoegsaam ken en verstaan nie, was die wedersydse respek wat geheers het, asook die gesamentlike soeke na oplossings opvallend.



- Daar is steeds baie hoë vlakke van bitterheid, wantroue, seer en onverwerkte trauma in die gemeenskap. **Eerlike dialoog** in ’n **veilige ruimte** is beslis ’n manier om dit aan te spreek.
- Die streek is tans ’n **mengsel van hoop en wanhoop**. Na die droogte het landbou kop op getel, maar **werkloosheid en armoede** is steeds oral te vinde.
- Die vlakke van **hooploosheid** en **gebrek aan motivering** onder **jeug** is kommerwekkend. Dit lei noodwendig tot alkohol-en dwelmmisbruik, en ander sosiale uitvalle.

- Daar is dinge wat ons vir die nasionale regering wil en moet sê, maar daar is ook dinge wat onsself sal moet regmaak. Ons **“mindset” en raamwerke waarbinne ons dink** sal moet verander.
- Dit is duidelik dat die **orde, dissipline, veiligheid en lewenskwaliteit** van mense op plase beter is as die op die dorp. Sosiale euwels is veel groter op die dorp.

**Met dit as agtergrond is die volgende opmerking gemaak oor:**



## Opmerkings oor ons jeug

- Daar bestaan ’n dringende behoefte aan **veilige ruimtes** (child protection units) binne die verskillende gemeenskappe. Terwyl die gemeenskap versigtig moet wees om nie van die plaaslike regerings dinge te verwag wat buite hulle mandaat val nie, is daar ’n dringende versoek van NRO’s vir gesprek met die plaaslike regerings om hande te vat en saam te werk.
- Die **behoefte aan opleiding in handvaardigheid en vaardigheidskole** is soos in die ander streke ook hier bevestig. Die nasionale regering sal dié boodskap duidelik moet hoor.
- Die lewensoriëntering op skole moet uitgebrei word om kinders te help met **basiese alledaagse vaardighede** soos finansiële bestuur, entrepreneurskap en selfs ’n kursus in die bou van ’n huis.
- Te veel kinders val deur die veiligheidsnet tussen 6 jaar en 16 jaar. Deeglike navorsing en evaluering van die oorsake moet gedoen word. Die regering behoort hiervoor ’n behoorlike plan van aksie op te stel.

- Die werk wat bestaande NRO’s doen is prysenswaardig en gee hoop.
- Die NYDA is iets waarna gekyk moet word. Dalk is daar meer bronne beskikbaar as wat ons besef. Terselfdertyd moet die ABET proramme uitgebrei word.
- Ons moet nou reeds begin om jongmense te identifiseer wat in die landbouwese opgelei kan word om ook later bestuurders in die landbou te word. Prof Kleynhans se aanbod om by die Hoërskool Calitzdorp oor beursmoontlikhede te gaan praat word verwelkom
- Dit is baie duidelik dat kapitaal nie ons grootste uitdaging is nie, maar veral die ontwikkeling van ons mens-kapitaal. Christo van Rheede se insette oor ontwikkeling wat op verskillende vlakke moet plaasvind moet ernstig geneem word: Politieke-, sosio-maatskaplike-, kulturele-, geestelike-, ekonomiese- en mens- ontwikkeling.







## Werkloosheid en Armoede

- Heelwat stemme het opgegaan wat sê dat die **huidige regeringsbeleid** nie die **werkloosheid** situasie in die land aanspreek nie maar eintlik vererger.
- Die **huidige stelsel van toelaes moet dringend hersien word**. Die vraag word ernstig gevra of dit werklik in huidige formaat armoede en werkloosheid verlig en of dit die situasie vererger. Dit is belangrik om te verstaan dat die geenskap nie teen toelaes is nie. Die huidige formaat roep egter baie vrae na vore.
- Die EPWP programme moet beter benut word. Mense word betaal maar min dienste word gelewer. Dalk moet NRO’s aansoek doen om van die arbeid gebruik te maak
- Baie groot frustrasie is oor plaaslike regerings uitgespreek en in die besonder oor Kannaland munisipaliteit. Die situasie het vir baie onuithoudbaar geword en weë sal gevind moet word om die munisipaliteit aanspreeklik te hou. Ons kan ons op die grondwet beroep. Die menswaardigheid van armes word aangetas
- Net die verskil in netheid tussen dorpe soos Barrydale en Ladismith vertel klaar ŉ storie.
- Aan die positiewe kant het die hoeveelheid NRO’s wat reeds uitstekende werk doen verras. Die streek moet daarmee gelukgewens word. Wat wel waar is dat die samewerking tussen NRO’s verhoog kan word. Dit gaan vra dat iemand na vore tree om so ŉ netwerk in die gemeenskap te vestig.
- Daar bestaan steeds te min VKO programme in die streek. Moontlikhede bestaan om kleiner dorpies te ondersteun. Vir raad en hulp kan die Little Seeds program by die NGK sinodale sentrum in Bellville gekontak word.

## Misdaad en geweld:

- Misdaad en geweld word ook as 'n groeiende probleem op die platteland ervaar.
- Misnoeë is oor die polisie uitgespreek. Daar is 'n groeiende agterdog dat die polisie net sekere sektore van die gemeenskap beskerm en (insluitende GPF's) verpolitiseer is. Die **wantroue tussen die gemeenskap en die polisie is onaanvaarbaar hoog**.
- Die gevoel is ook uitgespreek dat gevangenes nie genoegsaam in tronke gebruik word om byvoorbeeld groentetuine aan te plant en te bewerk nie
- Misdaad en veiligheid is uitdagings wat aan die gemeenskap gerig word en waarvoor holistiese benadering nodig, maar ook leierskap (meer as die huidige GPF's, wat sal opstaan en die gemeenskap mobiliseer. 'n Inklusiewe gesprek vorentoe waar die gemeenskap as gemeenskap bymekaar kom kan groot impak hê. Kerke behoort hier die leiding te neem. Nie net een kerk nie, maar kerke as 'n gesamentlike stem.

## Die pad vorentoe

- 'n Pad van groei en ontwikkeling sal nie sonder groter samewerking, kohesie en versoening kan plaasvind nie. Die hoop is uitgespreek dat die nasionale dialoog daarmee sal kan help.
- Intussen moet almal saamwerk om 'n waardestelsel (waarvan dissipline, eerlikheid en wedersydse respek 'n wesenlike deel vorm) te bou en te bevorder.
- Ten diepste is die vraag: Wie is ons? Wat is ons (nuwe) identiteit in 'n nuwe Suid-Afrika?
- Wie wil ons wees? Hoe gaan ons ons sosiale kohesie verhoog en saam skryf aan 'n nuwe sosiale kontrak?
- Dit is egter baie belangrik dat die praat oorgaan in aksie. "Moenie die dag van die klein dingetjies gering ag nie" (Sag.4;10) Bring jou twee visse en vyf brode na die tafel toe. Begin deur die gesprek verder te voer in jou omgewing of dalk met mense wat die dag bygewoon het. Naamlys word aangeheg.
- Intussen hoop ons dat iemand na vore sal tree om leiding te neem sodat die gesprek in 2025 herhaal kan word. 'n Versoek vir ondersteuning sou aan die SPG gerig kon word.

-

*Saamgestel deur Dr Braam Hanekom*
*Direkteut van die Sentrum vir Publieke Getuienis*

# Die volgende geskrewe inset is ook ontvang:

**Armoede en werkloosheid:**

- Die huidige sosiale ondersteuning wat die regering aan persone lewer moet geherstruktureer word.
- Skrap die R370.00 per maand toelaag wat in 2020 begin is en vervang dit met 'n hoër toelaag van R1500.00. Vir die verhoogde toelaag moet die persoon sinvolle werk in die gemeenskap doen, soos om bv. slaggate in paaie te herstel, lekkasies in waterpypleidings te herstel, in gemeenskapstuine waar groente gekweek word te werk en villis in en om die dorpe op te tel en te verwyder.
- Die kindertoelaag moet slegs vir die eerste kind geld, maar dit moet opvoeding van die kind insluit tot die kind sinvol tot die arbeidsmark kan toetree.
- Meisies wat gaan studeer en eers na 25 jaar oud 'n kind kry moet 'n bonus ontvang wat hulle kan gebruik om hulle toekoms verder uit te bou.

**Misdaad en geweld:**

- Straf wat uitgestel word is straf wat niks beteken nie. Nie vir die slagoffer of vir die skuldige nie.
- Kinders moet tot 18 jaar oud in die skool bly. Indien die kind 'n probleem is, moet hy in 'n arbeidsklas geplaas word waar hy daagliks gemeenskapswerk moet doen en basiese vaardighede soos messelaarswerk, padherstel, groentetuinwerk ens geleer word. Dit hou hulle van die strate af.
- Persone moet nie in 'n tronk gaan lê nie. Sy/haar tyd in die tronk moet gepaardgaan met sinvolle gemeenskapswerk.
- Tronke moet selfversorgend wees. As persone in die tronk meer as water en brood wil eet, moet hulle dit self verbou.
- As kinders wat 'n kindertoelaag ontvang hulle nie op skool kan gedra nie of nie skool bywoon nie, moet die toelaag gestaak word.

**Verwaarlosing van die jeug:**

- Kinders wat skoolpligtig is moet in een of ander skool gehuisves word. Akademiese skole, tegniese skole of arbeidsskole.
- Kinders moet voordat hulle 10jaar oud is ordentlik kan lees, praat en basiese rekeningkunde (optel, aftrek, maal en deel) kan doen.
- Basiese sport is 'n noodsaaklikheid al is dit net om te stap of te draf in skole wat nie die hulpmiddels het nie.
- Internskappe vir naskoolse jeug wat nie verdere tegniese of akademiese onderring gaan ontvang nie.
- Die regering het tans 'n paar sulke programme maar die GWP (Government Workers Program) in Calitzdorp wek nie na behore nie. Mense wat aan die program deelneem werk slegs twee ure in 'n dag en eintlik staan hulle net vir twee ure rond. Persone wat sulke programme op 'n plaaslike vlak moet bestuur moet na behore geoudit word, want tans is dit slegs verkwisting van belastinggeld. Die programme is sekerlik vir jeug geskep, maar plaaslik is daar persone ouer as 40 jaar oud nog in die program ten koste van jeugdiges.

KONRAD ADENAUER STIFTUNG

# Teilnehmerliste (Participants, Participantes)

**Programm / programme:** VD Prog Afrika - Südl. Sahara (A10000000V)
**Projekt / project:** VD Lpj Südafr. Republik (A10200000V)
**Teilprojekt / sub-project:** VD Lpj Südafr. Republik EM (A10220000V)
**Maßnahme / measure:** BM24-037 100 Towns Dialogue in preparation for the Nat

Important note:
During the event multimedia will be used. With their registration the participants give consent about the usage of photos and videos made before, during and after the event, for an unlimited period of time and for both online and print materials. They will be used by the Konrad-Adenauer-Stiftung.

**Datum**
(Date, Fecha, Date): **19.11.2024** **19.11.2024**

**Ort**
(Venue, Sede, Endroit): **Rooiberg Lodge, Vanwyksdorp Südafrika**

| Nr. | Name, Vorname last name, first name apellido, nombre nom de famille, prénom | Organisation Institution Institución Institution | Adresse address dirección adresse | Telefon phone teléfono téléphone | E-Mail | Unterschrift signature firma signature |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Bester, Danie | Danie Bester | | 082 684 5548 | daniebester62@gmail.com | Barnystr. 7 Calitzdorp |
| 2 | Britz, André | André Britz | Posbus 7 Vanwyksdorp | 072 062 8444 | britzieaj@gmail.com | |
| 3 | Claassen, Henzel | Henzel Claassen | | 082 842 3963 | henzelclaassen@gmail.com | |
| 4 | Cloete, Japaulus | Japaulus Cloete | | 0746379193 | | |
| 5 | Donson, Jeffrey | Jeffrey Donson | | | mayor@kannaland.gov.za | |
| 6 | Draai, Emilia | Emilia Draai | Voortrekkerstraat VWD | 0688486072 | [illegible]@gmail.com | |
| 7 | Ferreira, Anthony | Anthony Ferreira | SPRIGG St BARRYDALE | 0837271209 | shatokim@gmail.com | |

Ich bestätige die Richtigkeit dieser Liste: Seminarleiter

| Nr. | Name, Vorname<br>last name, first name<br>apellido, nombre<br>nom de famille, prénom | Organisation<br>Institution<br>Institución<br>Institution | Adresse<br>address<br>dirección<br>adresse | Telefon<br>phone<br>teléfono<br>téléphone | E-Mail | Unterschrift<br>signature<br>firma<br>signature |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | Ferreira, Kim | Kim Ferreira | ~~55~~ 17 Spriggs Street Barrydale | 060-988-4164 | shatokim@gmail.com | |
| 9 | Van Wyk Camaron<br>~~Festus, Surika~~ | Camaron Vanwy<br>~~Surika Festus~~ | Skoolstraat 1 | 077 2731260 | | |
| 10 | Frans, Bonita | Bonita Frans | | | childwelfareladismith@gmail.com | |
| 11 | Hess, Darryl<br>~~Groenewald, Renaldo~~ | Darryl Hess<br>~~Renaldo Groenewald~~ | | 079 501 5444<br>~~082 871 5895~~ | darryl@ladismithcheese.co.za | |
| 12 | Hanekom, Braam | Braam Hanekom | | 083 302 8639 | | |
| 13 | Hanekom, Mariette | Mariëtte Hanekom | Steppingstones 38 Eversdal. | 0845125136 | braam@kaapkerk.co.za | |
| 14 | Januarie, Donovan | Donovan Januarie | | | | |
| 15 | Josephs, Patricia | Patricia Josephs | Albert Str. 17 Ladismith | 0810496952 | parnolds790@gmail.com | |
| 16 | Karsten, Wilma | Wilma Karsten | 12 Bain st Barrydale | 066 084 3649 | wilmak@swellendam.gov.za | |
| 17 | Kees, Frans | Frans Kees | | | | |

Ich bestätige die Richtigkeit dieser Liste:

Seminarleiter

| Nr. | Name, Vorname<br>last name, first name<br>apellido, nombre<br>nom de famille, prénom | Organisation<br>Institution<br>Institución<br>Institution | Adresse<br>address<br>dirección<br>adresse | Telefon<br>phone<br>teléfono<br>téléphone | E-Mail | Unterschrift<br>signature<br>firma<br>signature |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 18 | Koornhof, Liesbet | Liesbet Koornhof | Assegaaibosch / 10 Grey Straat, Welgemoed, | 0834488452 | liesbetkoornhof@gmail.com | [signature] |
| 19 | Koornhof, Nic | Nic Koornhof | 10 Grey St 7530 Welgemoed | 0837757618 | nkoorn@mweb.co.za | [signature] |
| 20 | Kotze Ben | Ben Kotze | Long Acre Ladismith. | 083 560 5679 | | [signature] |
| 21 | Kotze, Hennie | Hennie Kotze | H.C. Kotze | 083 306 2487 | | [signature] |
| 22 | Kriek, Deon | Deon Kriek | 1074 Calitz. ST Calitzdorp | 082 466 0486 | deonkriek@ymail.com | [signature] |
| 23 | Le Roux, Moos | Moos le Roux | | 073 971 7921 | lerouxmoos24@[illegible].com | [signature] |
| 24 | Matroos, Gina | Gina Matroos | 4 Jakaranda str Forest Heights, Eerste Rivier | 0710129646 | | [signature] |
| 25 | Matroos, Patrick | Patrick Matroos | ↑ | 0837894997 | | [signature] |
| 26 | Rose, Lionel | Lionel Rose | | 060 434 8421 | | |
| 27 | Rossouw, Albie | Albie Rossouw | Klipbult, Ladismith | 0825797525 | albie@albierossouw.co.za | [signature] |

Ich bestätige die Richtigkeit dieser Liste:

[signature]
Seminarleiter

KONRAD ADENAUER STIFTUNG

| Nr. | Name, Vorname<br>last name, first name<br>apellido, nombre<br>nom de famille, prénom | Organisation<br>Institution<br>Institución<br>Institution | Adresse<br>address<br>dirección<br>adresse | Telefon<br>phone<br>teléfono<br>téléphone | E-Mail | Unterschrift<br>signature<br>firma<br>signature |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 28 | Sereo, Dillo | Dillo Sereo | | | | |
| 29 | Skowronek, Wendi | Wendi Skowronek | Verskowing | | wendiskow@gmail.com | X |
| 30 | Smal, Hendrik | Hendrik Smal | 36 Albert St Ladismith | 076 143 9559 | Smalhendrik@gmail.com | [signature] |
| 31 | Smit, Herman | Herman Smit | | 083 788 3365 | herman@capnpc.co.ZA | [signature] |
| 32 | Steenkamp, Esmeralda | Esmeralda Steenkamp | | | | |
| 33 | Steenkamp, Lets | Lets Steenkamp | De Anker Plaas Vanwyksdorp | 0637349239 | lets.kannaland@gmail.com | [signature] |
| 34 | Strydom, Matty | Matty Strydom | Voortrekkerstr 1 VWD | 0636915628<br>hstrydom@uj.ac.za | matstry@hotmail.com | [signature] |
| 35 | Swanepoel, Cornelius | Cornelius Swanepoel | | | | |
| 36 | Swanepoel, Gerhard | Gerhard Swanepoel | | 068 510 3682 | | |
| 37 | Swartz, Maria | Maria Swartz | Kerk str. 52 Barrydale | 079 086 8156 | mariaswartz329@gmail.com | [signature] |

Ich bestätige die Richtigkeit dieser Liste:

[signature]
Seminarleiter

KONRAD ADENAUER STIFTUNG

| Nr. | Name, Vorname<br>last name, first name<br>apellido, nombre<br>nom de famille, prénom | Organisation<br>Institution<br>Institución<br>Institution | Adresse<br>address<br>dirección<br>adresse | Telefon<br>phone<br>teléfono<br>téléphone | E-Mail | Unterschrift<br>signature<br>firma<br>signature |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 38 | Thompson, Sharon | Sharon Thompson | 39 Voortrekker Street (calitzdorp) | 073 815 1829 | Precious829@gmail.com | [signature] |
| 39 | Tities, Jan | Jan Tities | 18 Wesselstreet Ladismith | 067 8890 888 | tities.jan@gmail.com | [signature] |
| * 40 | Van der Rheede, Christo | Christo van der Rheede | 1 Sylvia Street Richwood | 083380 3492 | cvdrheede@fwdeklerk.org | [signature] |
| 41 | van Staden, Brenton | Brenton van Staden | Protealaan 40 Vanwyksdorp | 0762333570 | | [signature] |
| 42 | van Staden, Esmerelda | Esmerelda van Staden | Protea laan vlei vrou | 0810297124 | daniqaelle@gmail.com | [signature] |
| 43 | van Staden, Jacques | Jacques van Staden | Vanwyksdorp Bolwyn Laan - 9 | 0823707455 | | [signature] |
| 44 | van Tonder, Deon | Deon van Tonder | Welteverede, Bakpytje | 082 8423963 | wendiskow@gmail.com<br>deon@sewestraal.co.za | [signature] |
| 45 | Young, Amanda | Amanda Young | 166 Viggiestr Vanwyksdorp | 0720886737 | young.amanda.pvt@gmail.com | [signature] |
| * 46 | Kleynhans, Theo | Theo Kleynhans | Tradouw, Suurbraak | 0828208349 | tek1@sun.ac.za | [signature] |
| 47 | Kotze | | | | | |

Merlyn vd Rheede vdrmerlyn@gmail.com 0845192513 [signature]

Ich bestätige die Richtigkeit dieser Liste:

Seminarleiter [signature]

* X5 Rooms ** 2 Nights

36

| Nr. | Name, Vorname<br>last name, first name<br>apellido, nombre<br>nom de famille, prénom | Organisation<br>Institution<br>Institución<br>Institution | Adresse<br>address<br>dirección<br>adresse | Telefon<br>phone<br>teléfono<br>téléphone | E-Mail | Unterschrift<br>signature<br>firma<br>signature |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 48 | | | | | | |
| 49. | | | | | | |
| 50. | | | | | | |
| 51. | | | | | | |
| 52. | | | | | | |
| 53. | | | | | | |
| 54. | | | | | | |
| 55. | | | | | | |
| 56. | | | | | | |
| 57. | | | | | | |

Ich bestätige die Richtigkeit dieser Liste: ____________________

Seminarleiter